# OPSAAL : 2002


## BERG EN DAL VOETSLAANKLUB

GEORGE
VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

Luister na die wind, die lag van kinders, die geroep van die piet-my-vrou en prys Hom vir die geluide van die lewe in sy skepping. Yvonne Retief

Mountains fall and seas divide sweeping obstacles aside: Believe in yourself and say not "I cannot" but " I can". Robert Louis Stephenson

## VOETSLAANLEIERSKAP



1. Hierdie is slegs 'n paar wenke vir persone, wat as leier moet optree.

2. Wanneer op 'n behoorlik uitgelegde voetslaanpad gestap word, waar kilometers aandui is, is daar geen probleem nie. In hierdie geval is die gewone handgetrekte kaart voldoende. Sou dit nie aan al hierdie vereistes voldoen nie, maak seker dat u oor 'n topografiese kaart beskik. Hierdie kaart is van groot waarde om u posisie te bepaal. 'n Kompas gradeboog en hoogtemeter, by hierdie kaart is van groot waarde. Sou u nie oor 'n kompas beskik nie, is 'n horlosie met wysters van waarde om "noord" te bepaal, sou die son skyn. Rig die syfer 12 na die son en helfte van die afstand tussen 12 en die punt van die kort wyster, dui "noord" aan. Alhoewel nie baie akkuraat nie, is dit tog van waarde om u kaart te koordineer.

3. Wanneer in 'n Wildernisgebied gestap word is 'n topografiese kaart 'n vereiste. Probeer altyd die nuutste druk te bekom. Dit is noodsaaklik in wildernisgebiede dat die leier ook die kennis van sy mede stappers toets, maar die finale besluite berus by hom/haar om die stapppers veilig by die eindpunt te kry.

4. Die leier moet alle besonderhede van die omgewing waar gestap gaan word, voor hulle vertrek bestudeer en 'n "loopplan" opstel. Dit kan altyd na behoorlik oorweging in die veld aangepas word.

5. Verwittig mede stappers, wat van hulle vereis word. Bepaal of almal fiks genoeg is om die roete te doen. Dit is seker nie maklik om 'n persoon, aan wie se fiksheid getwyfel word, af te keur nie, maar dit is beter om een persoon teleur te stel, as om baie koste aan te gaan, nie die roete te voltooi en die groep teleur te stel.


6. Dit is ook sy plig om sy groep binne sig te hou, sou iemand seerky om onmiddellik hulp te verleen. Baie stappers hou daarvan om alleen te wees en 'n bietjie vryheid te geniet, Sy/haar vryheid moet egter nie dié van ander bederf nie.

7. Die doel van voetslaan is om die Natuur te geniet en nie om laat te slaap en dan die roete af te hardloop nie. Begin vroegoggend, geniet die dag in die veld en bereik u eindpunt met 1 ½ uur daglig in u guns. Flitsligte is slegs 'n noodhulpmiddel en om om mee te stap nie.

8. Die leier is sosiaal verantwoordelik vir die welsyn van sy mede stappers.

9. Inligting met betrekking tot wat die stapper moet dra, word in verskeie stapboeke behandel en word aan sy /haar oordeel gelaat.

Lekker stap
Hennie Mouton



## DINSDAG STAPPERS

Tom en Mavis Boshoff het in <u>1981</u> vanaf Pretoria na George verhuis.
Sommer gou het hy op sy eentjie hierdie pragtige natuurskoon begin verken en so die interressante voetslaanpaadjies ontdek.

Eintlik is Tom 'n gebore en getoë Noord Kaaplander. As plaasseun opgegroei in die bekoorlike en unieke streek - in 'n area 'n klipgooi van die Kalahari met sy asemrowende sonsopkoms en ondergang in die rooisandduine, waar kameeldoring en welgalbome - driedorings en wag-'n-bietjies die seisoene van reën en min reën trotseer en sorg vir verrassende talente.

Met die liefde vir die natuur was dit vir hom gewis 'n heerlike avontuur om sy eerste spore te trap op onbekende paadjies waarop ons Berg-en-Dalers soveel genotvolle stappe kon ervaar en geniet en so deur die jare, die kosbaarste kameradie opgebou.

Natuurlik het hy byna elke dag gaan stap en geleidelik al verder en wyer verken.

In <u>1990</u> het Lina begin om een keer per week saam met hom te stap. Sy nooi toe vir my Magdaleen om ook saam te stap. Ons drie het meestal by die George Dam en omgewing gaan stap - elke keer 'n bietjie verder totdat die opdraandes geleidelik al platter geword het. Kort hierna het Joey, Natalie en Susan Theron ook by ons aangesluit.

Tom 'n man van min woorde, Die vyf dames het altoos die praat en lagwerk gedoen, 'n Uitstekend en geduldige, maar ook konsekwente leier was hy. Hierdie was geen hap-en-stap storie nie - water sommer so in die stap gesluk. As ons 'n halt moes maak, was ons net genoeg tyd gegun. As Tom "OPSAAL" gesê het, het ons opgesaal. Die Pepsi Poele was vir ons 'n pragtige hoogtepunt en so het ons elke volgende keer 'n nuwe verrassing beleef. Hy en ons het NOOIT verdwaal nie. Die dae wat nie Dinsdae was nie, hetTom en Rufane die grootstes geleidelik aangedurf -Tierkop - George Piek en eenkeer die Montagu pas vanuit die dorp tot by Herold, ± 16km (sê Tom) in 160min gestap. Sommer net hulself getoets. Kort voor lank het die Dinsdag stap 'n instelling geword.
So op ons stappe het ons ons landmerke name gegee. Tom het die eerste kronkelvorming net na die damwal, die "Magdaleen" draai genoem. Die struikel en valplekke was alles PRET - GEEN SIMPATIE. Die bankies langs die pad na die damwal, is elkeen om die beurt aan een van ons toegeken vir ons OUDAG en met ons name vereer. Terloops, wat het van hulle geword? Nie dat ons toegelaat was om te gaan sit nie! Lina het vir ons gedemonstreer hoe ons ook eendag met rêrige kieries sal aansukkel en daar sal mag gaan sit as beloning vir vele jare van getroue stappers.

Op 31 Januarie 2002 het ons ses by Joey ons reunie gevier. Vir die foto deur Ds "Buurman" geneem, het ons ewe ordentlik ons sjampanjeglasies eers neergesit. Dankie Tom vir jou inisiatief, vir jou geduld met ons en vir al die genotvolle stappe wat ons so kon deel.



Ons salueer jou!!
Magdaleen

**VOETSLAANKLUB BERG EN DAL - VIR ONS BAIE MEER AS NET 'N STAPPERKLUB**

Deur Erhard Bensch und Eva Maria Darowski

Vandag presies sewe jare gelede het ons - onderteken van die toen malige *Vice chairlady* Salomè van Wyk en nog in Engels (!) geskryf - die brief gekry wat ons die lidmaatskap in die voetslaanklub "Berg en Dal" George dokumenteer het. Ons was baie trots daarop. Maar destyds was ons nie bewus daarvan wat die toelating in hierdie klub, afgesien van die formele gebeurtenis, vir ons kon nog beteken nie. Nogeens presies drie maande tevore, Dinsdag 23 mei 1995, het ons deur Talita se bemiddelaarsrol die eerste keer aan 'n staptoer met die klub deelgeneem - en onmiddellik aan hierdie eerste stapdag het ons die klublede se opvallende besonderhede ondervind: Lina Aucamp en haar man Louis het in die besonder ons nuwelinge die duitsers, vanselfsprekend vir die tee in aansluiting by die stap in hulle huis uitgenooi, en hulle het ons daar met oop arme ontvang- die warmte van die harte was indrukwekkend! In die volgende maande en jare kon ons deur die uitstappies met die klub kennis maak met hierdie land se natuurskone in die omgewing van George, en dit met 'n intensiteit en omvattenheid, dat elke "normale" George inwoner jaloers mos wees. Onder Tom Boshoffs en Hendrik Moutons se deskundige leierskap het ons die Pepsi poel en die swart rivierdam, die Varingkloof en die Doringrivier (watter pragtige proteas) die Montagu pas en die Meiringspoort, Diepwalle en Jubilee Creek besoek ; ons het roetes langs die see van Robberg tot die Seemeeu pad gestap, met die trein Campher toe gery (dankie Carlien) en teruggestap en baie ander pragtige plekke gesien.

Toe ons fiksheid in toenemende mate beter geword het (Faan) "Stap is 'n long -term - investment" kon ons aan meer veeleisende staptoere deelneem soos Tierkop,George piek,Cradock piek en pas tot pas en ten slotte ook Melville piek toe (25/5/1996) wat vandag nou of nooit moontlik is nie. Onvergeetlik sal die uitslaapstappies wees in Hermanus, de Hoop, Sederberge, Robertson/ Arangieskop (dankie Dick en Rose) Tsitsikammaberge,Swartberge en Gamkaskloof (Watter mooi Hell) ensovoorts. Baie van die vermoeiende toere kon ons net voldoen omdat ons morele en tegniese hulp van ervare stappers soos Hendrik en Annie, Faan en Mathie, Louis en Helena, Allan en Carlien, Willie Dunn, e.a ontvang het. Dit is maar so: ons is geen sterk stappers nie - Hendrik, jy mag nou eenmaal 'n bietjie teleurgesteld wees omdat ons/ek geen mate vir die Diaz vasbyt of in die Drakensberge was of is. Maar wanneer ons stap, so wil ons dit graag geniet - minstens daarna.

Maar hierdie bogenoemde tipiese onderneminge was net 'n deel van die aktiwiteite van Berg en dal. Ons sal nooit die sosiale kante van die klublewe vergeet nie soos die gesellige braaie by Hendrik en Annie, Oosie en Meise, Bert en Sonja, Allan en Carlien en erens anders, die jaareindfunksie en ander byeenkomse. En ook die spesiale afskeidsseremonieel sal onvergeetlik wees, wat Lienie en haar suster Helena 1997 vir ons bewerkstellig het (en by wat ons hoendervel geword vir ontroering) voordat ons Duitsland toe gery het vir vakansie! Ons moet ook hartelik dankie sê vir ander stappervriende. Magdaleen het ons nie net Afrikaans geleer nie; sy het ons ook land en volk, geskiedenis en kultuur, denke en gevoelens van Suidafrika beter nader gebring. Salomè het ons familie bygestaan as prokureur. Danksy die boeke en ander inligtings van Tom en Henrik M verstaan ons vandag die oorsaake en resultaate van die boereoorlog baie beter en meer as tevore. Ons is dankbaar vir die liefde en ondersteuning voor, gedurende en na die stappe en by personlike gebeurtenisse, wat ons ontvang het van Gys en Elsie, Giel en Poekie, Oosie en Meisie, Bing en Hilda, Mel en Karin, Jansie en Joey, Lenie en Sarie, Hendrik en Sus, Jan en Georgina, Rufane en Maria, Nellis en Gerda, ens. Ons het het lief en leed met baie stappers gedeel en, en ons het aan troufeese en roudiense deelgeneem...

Liewe stappersvriende, julle het ons met vriendskap, liefde en vertroue gehulp, vinnag in Suidafrika tuis te voel. Ons is trots, sulke pragtige mense as ons vriende te hê.

**Ons kan maar net sê: Dankie vir alles.**



George 23 Augustus 2002

**LEKKER TYE**



Toe sy hulle almal vannaand daar gesien het toe onthou sy ander lekker tye wat hulle gehad het. Daar was die keer toe hulle op Windmeulnek aangekom het na 'n lang dag se stap in die warm somer son. Vroeër die dag het hulle geswem in die donker water van die Karatararivier. Toe was die warm son opwindend en die koel water vanselfsprekend. Van die rivier was dit net opdraand en geen verdere swempoel lafenisse nie. Die kielie son van vroeër het kwaad geword en die gruis opdraandes het amper diabolies weerkaats. Wie stap nou ook Beervlei in die middel van die somer. Net Berg en Dal se mal klomp.

Die laaste stuk pad tot by die hut was uitmergelend lank. Dit het vir haar gevoel asof die bene in haar voete deur haar skoene steek. Die pyn was onuithoubaar. Haar mede stappers het ook swaargekry en in die swaarkry het hulle 'n raakpunt gevind. Pyn en swaarkry verwyder die verskille en maak almal gelyk. Op daardie stadium het niemand meer die mooi fynbos raakgesien nie. Die blou berge het gebewe in die hitte en die heuningbosse het hulle vasgedruk.

Almal het op die gras in die koelte agter die hut neergesak. Party het hulle skoene uitgetrek en die blase gedokter. Die koue water is nader getrek en iemand het 'n bottel wyn in 'n klam doek toegemaak in en die windjie neergesit. Dit het belofte ingehou vir later.

Windmeulnek se hut is manjefiek geleë. Die hut is in die nek van 'n skouer wat uit die berg afkom en aan weerskante is daar valleie met wonderlike uitsigte. Elkeen kry 'n beurt om te gaan stort. Die stort het nie 'n deur nie en die uitsig oor die vallei is die beste stort ervaring wat mens kan hê.

Toe almal eers skoon is, vergeet hulle van die pyne van vroeër. So 'n bymekaarkoms by 'n hut is die beste deel van stap. Iemand kap die hout en begin vuur maak. Elkeen is besig met een of ander huislike plig, soos klere was, bed regmaak, skoene skoonmaak en goed uitsorteer. Sy wonder hoeveel tyd op 'n stap word spandeer om goed uit te sorteer. Elkeen bring sy kos nader. Pasta en sop is stapel voedsel. Terwyl al die geskarrel plaasvind is sommiges rustig en al kouend aan allerhande *chippies* en *snacks*. Dit is toe dat die bottel wyn wat ten swaarste gedra is oopgemaak word en met styl aangebied word. Een van die stappers het 'n bordedoek oor sy arm drapeer en soos 'n waffers kelner die wyn vir die ander aangebied. Die skemeraand was soel en die eerste sterre het




geflikker. Die oomblik was *magic.*
Sy onthou hoe hulle om die vuur by die lapa gekuier het. Dit was die een storie na die ander. Vannaand toe besluit hulle om weer die Outeniqua aan te pak in Januarie - Publieke lawwigheid. Dit is te warm. Maar sy weet dit sal die moeite werd wees. Sy onthou die lekker tye. Hulle gaan nuwe lekker tye bymekaar maak!
Salomè van Wyk




AANSOEK OM PREDIKANT

Die volgende storie kom uit 'n nuusbrief van die SKDB Personeel.
'n Ouerige swartman het by die kerk aansoek gedoen om 'n predikant te word.
'n Groep predikante het hom gevra om te hoor of hy darem sy Bybel ken.Op hul versoek om vir hulle 'n bybelverhaal te vertel, het die volgende vertelling hom ontvou.
DIE PARMANTIGE SAMARITAAN
"Ou Moruti, jy weet ekke like hom die storie van die parmantige Samaritaan.
Nou julle weet, die parmantige Samaritaan hy ry hom by die donkie na die stat by die naam Jerepigo. Toe kom hy by die stat, hy ry hom by die donkie sewe maal om die stat.



Nou die mure hy was om die stat, hulle almal val om. Toe die muur hy val,die donkie hy skrek so groot, hy hol weg. Soos hy hardloop deur die bos, die parmantige Samaritaan, hom sy hare die haak aan die boom se tak en daar hang hy.
Nou daar kom die vrou met die groot sker. So die vrou hy knep die hare af, die parmantige Samaritaan hy val hom benne-in die brandende boombos.
Sjoe, my baas, net voor hy hette opgebrand, dit begenne reen, sommer so die forty days en forty nights, jo plenty rain.
So die parmantige Samaritaan hy start to swem. Soos hy nog so swem, hy sien hom die skip verby kom. Baas
Noag hy staan op die agterdeck. Die parmantige Samaritaan hy skrou en waai, maar aikona, die baas Noag hy hou verby.
Nou daar kom die groot vis.



Hy sluk hom die parmantige Samaritaan in, maar die vis se bennegoed, hy wil nie lekker saamwerk met die parmantige Samaritaan nie. So die vis hy decide hy gaan hom uitspoeg.
Nou die vis hy swem tot by die wal, hy spoeg hom uit,stukkie vir stukkie, het hulle hom daar oppie wal opgatel. Twelve baskets vol.

# LIFE'S GARDEN

**PLANT THREE ROWS OF PEAS**
Peace of mind
Peace of heart
Peace of soul

**PLANT FOUR ROWS OF SQUASH**
Squash gossip
Squash indifference
Squash grumpling
Squash selfishness

**PLANT THREE ROWS OF LETTUCE**
Lettuce be faithful
Lettuce be kind
Lettuce really love one another

**NO GARDEN IS COMPLETE WITHOUT THYME**
Thyme to care
Thyme to laugh
Thyme for one another

**WATER FREELY, CULTIVATE WITH PATIENCE AND LOVE.**
**IT WILL RESULT IN MUCH FRUIT………**

**IF YOU ABIDE IN THESE THINGS, YOU WILL REAP WHAT YOU SOW.**

**OORLEWING IN MALAWI**

My vriendin Em ('n ervare Derdewêreldreisiger - Afrika, Suid-Amerika, Maleisië, Indië) en ek het in die bloedige hitte van Feb '88 die malperd opgesaal om twee weke lank in Malawi te gaan reis - Afrika Styl (swart busse, taxis en blyplekke.) Air Malawi se kakkerlakke het ons ons eerste voorsmakie gegee. Ure later staan ons, met rug-,dag-, en skouersakke, 'n bottel brandewyn en goedkoop horlosies (gesogte "ruilmiddels" is ons vertel) gestrand op Lilongwe-lughawe. Nie geweet daar loop nie busse of taxi's nie. (Ook nie dat die plaaslike volkies net agter ons rugsakke en tekkies sou aanhardloop nie.)

'n Tabakhandelaar, pas terug van Egipte, het tot ons redding gekom, gretiglik sy kwachas vir ons rande verruil, en ons by die gholfklub besorg waar ons tent opgeslaan het - in 'n pikswart donderstorm wat selfs vir Em benoud gemaak het. Die volgende dag voort na Zomba, waar die "Resthouses" ons behoorlik laat gril het en ons haal 'n taxi na die Plato. Die stasiewaentjie kon net op 'n skrootwerf opgetel gewees het, moes in *trurat* aan die brand gestoot word - en aan die gehou woed! 'n Wonderwerk, behendige voetwerk van die bestuurder en 'n eenrigting slingerpad het ons bo gebring. Die gewone stormloop van helpers was dadelik by en ons beklink - Afrika *styl* - die huur van 'n blanke se huis, kompleet met cookboy en tuinier. Die taxi-bestuurder moes wag terwyl ons na die huis gaan kyk en moes sy stilhouplek mooi kies sodat daar nie opdraand gestoot moes word indien die enjin vrek nie! Eers agterna het ons, ten spyte van versekeringe, begin vermoed dat die master se huis sonder sy medewete uitverhuur word, veral nadat ons die Maandag moes uit voordat die master van Salisbury terugkeer.

Die plan was om op "volop vis" en vars groente te leef, maar die vis was ook 'n mite. 'n Blikkie tuna wat op die laaste tippie ingegooi is, word toe ons hoofmaaltye oor die naweek. Cookboy het *goedgunstelik* vir ons van sy pap gekook. Die tee, koffie, suiker en heuning wat ons saamgeneem het, moes toe vir twee weke hou. Blikkieskos was onbekombaar/onbetaalbaar. Na vars vleis het ons nie eens gekyk nie, nie nadat ons ons eerste biefstuk onder 'n boom langs die pad sien lê het nie - keelaf maar die arme ding het nog geskop. Na 'n interresante, genotvolle naweek op die plato, het ons met die "Potato Trail" afgestap na Zomba, verby Banda se residensie, vort na Blantyre per luukse bus (ons enigste luuksheid, en enigste bus wat volgens 'n rooster loop).
Na vier ure se gesukkel om inligting te verkry, drama met 'n stukkende bus, haal ons in die aand 'n plaaslike bus na die berge. 'n Nagmerrie - Em was 'n senuwrak na die nagtelike busrit in die reën op strokies paaie met diep slote langsaan, want die busbestuurders speel een stryk deur "chicken". In Afrika is alle toeriste (blankes) ryk mense wat gemelk moet word. Op pad na Mulanje het ons selfaangestelde draertjies knaend gesels. Weet ons hoe swaar hulle kry? Wat is my man se salaris? "So what are you going to do about my problems"? "What problem?" "My school fee



problems" Meneertjie wou hê ons moet elke kwartaal sy skoolfooie stuur, en as die bank dit nie wou toelaat nie, kan ek sommer vir hom 'n tjek stuur. Hy sal dit by sy bank gaan wissel!
No problem! ('n kontrak onderwyser het ons later vertel dat kinders wat nie hul skoolgeld betaal nie, nie klasse mag bywoon nie. Banda se bevele. En hy was juis toe besig om sy soveelste paleis te bou, met die jaar se tabakopbrengste - dit het glo meer as "Sun City" gekos, want alles is per lugvrag ingevoer.

Ons aandete voor ons die volgende dag Mulanje sou klim, was drie jong aartappels gekook in 'n geleende pot. Die slaapbanke was onder die tafelblad, dus het ons maar bo-op die tafel geslaap. (Die mediese kontrakwerkers van Portugal het net daar omgedraai toe hulle die "geriewe" sien.) Ons het nie die bergpiek bereik nie, want dit was bloedig warm. 'n Dag later, op pad terug na die bushalte om te wag vir 'n bus wat "anytime" kom. Stop 'n 4X4 langs ons "'n upper class british accent" wou weet waar die restaurant is waarvan vir hulle vertel is. Ons moes ons lag inhou, maar het ons gelukkie gegryp en saamgery tot op Blantyre. Die dame is toe die suster van Ranulph Fiennes, avonturier, ontdekkingsreisiger, skrywer en kanniedood. (Lees gerus sy boeke vir leunstoel opwinding.) Hy het juis daardie dag op nog 'n tog na die Noordpool vertrek, sonder enige hulp van buite, en hulle was bekommerd.

Plaaslike busse was altyd vuil en verflenterd, en 'n mens kon beswaarlik glo dat die goed nog loop. (Met onderdele vir enige voertuig haas onverkrygbaar, het hierdie mense slim geword.) Wanneer 'n bus gaan staan, is daar geen ontsteltenis onder die passasiers nie. Tyd is Afrika tyd. Almal gaan sit met hulle babas, bondels en hoenders onder die naaste boom en wag. Gedurende so 'n wag het ons 'n toer deur 'n teeplantasie gedoen.

Oral langs die pad is handelaars wat (veral) kos verkoop. Stringetjies groen sprinkane word met 'n kennersoog gekies. Gaar "lekkernye" in die versengende Februarie hitte het my anderpad laat kyk. Dit was 'n belewenis om te aanskou hoe die mense pynappels, gesny soos reuse stokkielekkers, eet dat die sop so spat, of suikerriet knarsend kou met hulle pragtige wit tande.

'n Kleintjie voor ons het in die bus opgegooi. Toe die gemors my kant toe vloei, gee ek vir die ma 'n stuk van my kosbare Suid Afrikaanse toiletpapier.
Sy het my verstom aangekyk en dit haastig in haar sak gesteek. Op Monkey Bay moes ons 'n taxi na Cape McLear aan die Malawi meer haal. Dit was 'n bakkie wat gelyk het asof dit al 'n paar keer by 'n pas afgerol het. Ses mans het vir 3 ure sit en bande lap! Toe hulle reg is om te *vertrek* storm 20 passasiers vir 'n plek. Em sit voor in op my dagsak, want in plaas van 'n sitplek was daar 'n gat. Ek agterop, rugsak langs my, bene oor die kant, en twee Amerikaners aan my ander kant. Swartes het soos vinke oral geklou, *gehang*, gesit, gestaan en selfs gelê. Die taxi het soos ek verwag het nie naby McLear uitgekom nie. Al sy bande en noodbande was na 'n paar kilometer poegaai. En elkeen moes sien kom klaar. Gelukkig het 'n klomp spiesgeweerduikers verby gekom en ons opgelaai. Ek trek 'n sluier oor die rit. Die pad was een donga na die ander, hulle het gejaag asof die duiwel agter hulle was en ons het niks gehad om aan vas te hou nie.

Die vakansie-oord wat op die oog af deur "informele" toeriste van oor die wêreld gebruik word, was tipies Afrika - vuil verwaarloosde platdakgeboutjies. Ons "kamer-en-suite" (nogal!) se toinggordyne kan nie loerende oë uithou nie. Die lakens was uitskot crimpelene (ons het ons khangas gebruik). Die deurlose toilet naby die voordeur het privaatheid op die troon ietwat aan bande gelê. Die voordeur wat binnetoe oopmaak, moes deur sy raam buitentoe getrek word sodat die knip buitekant kan vasgehak word. ('n Mens is veilig daar.) Die Malawi-meer is seker die die grootste bad in Suider Afrika - 588km lank en tot 80km wyd. Oral waar ons langs die meer gegaan het, het Malwiers soggens en saans gebad, hare gewas en tande geborsel. (Ons het saans in die maanlig gaan swem.)

Ons ervaringe is te veel om te vertel. Aan die die einde van twee weke het Afrika-styl my ingehaal. Terug by die kampeerplek het ek dubbeld gevou gelê van die pyn - blaasontsteking. Genadediglik het twee gholfspelers vir ons genooi om die laaste aand by hulle te slaap met 'n lekker ete. Die volgende dag het sy ons mark toe geneem en ons het ons eerste "bushtelefoon" gesien. 'n Foon in 'n boom gemonteer waar die houtsneërs werk! Op die Lilongwe lughawe moes ons talle vorms voltooi, belasting in Amerikaanse dollars of Britse ponde betaal En toe keer 'n swart vrou my in hokkie vas krap deur my goed en bevoel my borste terwyl sy oor en oor vra of ek kwachas het. Toe kook my bloed. Die lughawe bus wag. Die vliegtuig wag. **AFRIKA** ? Nie weer nie!

Kitty Williams



## Ek het oorleef ten spyte van brille, pille, stutte, salwe en verdwaal.

Ons is na die Sederberge in Oktober 2001. Dagstappers was- self,Carlien en Allan, Christine en Lina en Eva en Erhard. Die eerste gedeelte van die eerste dag se stap was goed en mooi, maar die namiddag het dit maar moeilik gegaan. Die Kniee het gepla en die rug het gepla nes 'n ou afgeleefde donkie. Die volgende dag kon ek en Carlien bietjie rus en salf aan my wonde smeer. Op die derde dag is ons na die Stadsaal grotte en Boesmantekeninge. Ons het ook na die volgende verblyfplek vertrek. Sonder om te sê het die dag nie skete gehad wat uit gekom het nie.
Dag vier is ons Malterserkruis en ek het maar die ou rugstut aangesit en saamgestap, gelukkig was dit bewolk. Dit het goed gegaan.
Nou ja die volgende dag is ons weg Wolfbergskeure toe. Geen probleem om tot bo te loop nie, toe kom daai groot want ek weet toe nie presies waar die ander oor is nie aangesien ek 'n bietjie agterlangs geloop het. Maar moenie "worry" Wilna het bo uitgekom in een stuk. Ons het daar op 'n rots gerus. Allan en Lina het gestap om die rugsakstappers te ontmoet. Net daarna wil ek 'n foto gaan neem en nog iets doen, ek is die klip daar af nie ver nie hoor. Klaar my iets gedoen en foto geneem en toe ek omkyk, kan ek nie onthou by watter klip ek af is nie. Ek weet toe nie is dit van hoë hoogtes of skoonheid van die natuur of plein "stupidgeit" nie, maar toe is ek op 'n "panickstation". Ek begin eerste in topsnelheid bid en is daai klippe op en af om te kyk of ek die ander mense sien, maar niks nie, die klippe lyk vir my almal dieselfde. (Ek het 'n fluitjie in my sak gehad.) Weet nie hoekom ek hom nie geblaas het nie. Na so ongeveer 'n uur se rondwalery( het darem Natuurbewaring bord gehad wat ek as baken kon gebruik) gaan sit ek op 'n klip want toe is dit darem vir jou warm en ek bid nog langer en ernstiger en net daar word my gebed verhoor, daar staan Christine op 'n rots 'n entjie van waar ek sit. Ek spring op en skreeu en swaai arms (ek het al gesien hoe soek hulle die nag na my) Ek was baie dankbaar dar my gebed verhoor is en dat ek veilig is.

Ek wil graag baie dankie sê aan al my medestappers van die Sederberge (veral Carlien en Allan).Dankie vir julle geduld en ondersteuning en sommer dankie vir al die mense saam met wie ek al gestap het. Stap is my lewe maar met die ou probleempie van die rug moet ek maar aanpas en stap wanneer ek kan.
Wilna Albertyn

## Some Most Important Words

THE MOST IMPORTANT WORDS:
**"I ADMIT I MADE A Mistake."**

THE FIVE MOST IMPORTANT WORDS:
**"You did a good job."**

THE FOUR MOST IMPORTANT WORDS:
**"What is your opinion?"**

THE THREE MOST IMPORTANT WORDS:
**"If you please."**

THE TWO MOST IMPORTANT WORDS:
**"Thank you."**

THE MOST IMPORTANT WORD:
**"We."**

THE LEAST IMPORTANT WORD:
**"I."**

## Drakensberg

In die kromming van jou arm,
Berg,
Kom lê ek die loom lentedae,
In die soel, soet strome
Wat geluidloos in jou dieptes draai.

In die koelte van jou klowe, berg,
In die kromming van jou hang,
Verskans in die sluier van die
Misreën,
Skiet skerfies blou en slierte
Sonlig.

Daar lê jou dieptes,
Maar waar skuil jou einde?

Waar sweef die arend?
Dalk hier, in die kurwes van jou
Klowe,
Straks lank reeds weg na Mont=
Aux-Sources,
Veilig, onbereikbaar in die moe=
Derberg.

Vesting van rotsgesteentes
Van vastigheid en ewigheid,
Berg van duisend jare
En my eie korte klaterdae.

Is daar 'n diepte, is daar 'n einde?
Is daar 'n diepte in jou klowe,
Diep genoeg vir my gedagtes-
Droewe, eindlose denke wat
Soek en soek?

Vannaand kom krul ek op
In die kromming van jou arm,
Berg,
Ek, kind van kragtelose opstand,
Kortgeknipte wense,
Mens van vrees en matelose
Smagting.

Sal jy vannag, wanneer die maan
Sagkens oor jou wande streel,
die sterre skigtig bo jou kranse
sweef,
My laat tuiskom, in die krom=
Ming van jou kranse,
Vredig vry van soeke en van
Skanse
Marlene Kromberg(Pretoria)
Taalgenoot Maart 2002





***"Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het."***
***- Hebreërs 10:36***

## 'n Eed van volharding

1. Ek sal nooit tou opgooi solank ek weet ek is reg nie.
2. Ek glo dat alles vir my sal uitwerk as ek tot die einde volhard.
3. Ek sal moedig en onverskrokke wees al lyk my kanse skraal.
4. Ek sal niemand toelaat om my te intimideer of van my doelwitte te weerhou nie.
5. Ek sal veg om alle fisiese beperkinge en terugslae te oorkom.
6. Ek sal weer en weer en nog 'n keer probeer om my drome te verwesenlik.
7. Ek sal nuwe geloof en vasberadenheid put uit die wete dat alle suksesvolle mense nederlaag en teenspoed moet oorkom.
8. Ek sal nooit aan mismoedigheid of wanhoop toegee nie, kom wat wil.

\- Herman Sherman

## KARATARA - WINDMEULNEK - PLATBOS





Die Smutse, Moutons, Salomè en nog 'n paar ander stappers vertrek vroeg oggend met my ou rooi Kombi na Karatara. Ons parkeer regoor die Bosboustasie en stap na Windmeulnek. Vanaf Windmeulnek vat ons die voetpad na Kagiesberg. Orals langs die pad word daar vertoef en tee gedrink. Ons draai regs teen Kagiesberg na Karatara. Almal stap flink en ons het klaar besluit dat ons vroeg op Karatara sal wees. Ons stap kaart is nie op datum en en op die ou padbrug vind ons die voetspore na links. Ons besluit om die spore te volg daar dit, glo ek, na regs sal afswaai na Karatara. Ons stap en stap en om 15:00 vind ons onsself te Platbos, Die spore wat ons gevolg het is die ou spore uit die apartheid dae toe Platbos nog uitsluitlik 'n "nie-blanke" hut was.

Nou het ons 'n probleem, want ons is nou ver vanaf Karatara en almal is moeg want 'n kort dag het nou lank geword. Allan en self besluit om na Rheenendal te gaan en vervoer te reël na Karatara. Ons stap teen 'n warm pas en is net in staat om 'n bakkie te haal, wat ons na Karatara neem, teen 'n bedrag van R20.00 Ons sit agter in die bakkie. Die kap is so laag dat ons feitlik met ons kop tussen die knieë sit.

Die aand laat is ons terug in George en dankbaar dat ons die taxi in tyd kon haal. In die vervolg - maak seker dat 'n betroubare kaart beskikbaar is!

Hennie Mouton

The 5 most essential words for a healthy relationship:-

"I apologise"

AND

"You are right."

Terry Dulce

## A Word of Strength

All our days are numbered but it's not for us to know
Just how many days are left. So don't let this one go -
Unmarked by something good or lovely, something true of false
Something that redeems it with a touch of the divine.
Think a thought that lifts you your mind on to a higher track.
Do the thing that takes a load from someone else's back.......
Say the word that changes conflict into harmony.
Strike the note that turns the discord into melody.
Take this day out of its groove. Before you let it go -
Give to it a meaning and a glory. Let it glow!
There are many little ways in which it's possible -
To sanctify the common-place and make it beautiful.

- Patience Strong

Om kwaad te word is om iemand anders se foute op jouself te wreek.

Dank die Here dat ek nie gekry het wat ek wou hê - Toe ek dit wou hê nie.
Anton rupert

ANOTHER TYPICAL WINTERDAY UK 6 MONTHS OF RAIN

As I sit and listen to the rain
Beating against the window pane,
I wonder - will we ever see the sun again.
Get out for a drive, o red lights
Road works all around
I feel I want to go to ground.
Eventually we reach the woods,
Ah the sound of birds & hooves
As two deer scamper by.
The wind is strong, it rocks the bough's
Poor trees, so many on the ground.
I wade on, the MUD so deep -
Quick look, where are my feet.
The dogs run by, they hear a cry
A sleepy owl has left it late -
going home to its mate.
Oh how I long for warm sun of South Africa.
Will I ever make it?
Those golden sands friendly hands
The sound song exquisite bird -
can always be heard.
The call of the mountains, so beautiful,
I hear you - wait for me
We will soon be there all of us one two three. (dogs)
Goodbye to England's cold grey skies
To a happier life with friends and braais
In a wonderful new home so much space to roam.
Protea-colour-trees-come soon - PLEASE.
This was my thoughts, sitting on a air bed on the
floor of the lounge, everything else is waging its
way in a container on the high seas - such an
empty room this is one way of retaining your sanity

Uk May 2001 Petre van Bergen.

ODE TO A LOST LOVED ONE (dog!)
(Redsetter)

Is there a country Lord, where you do keep,
a place "Reserved" for dogs that fall asleep?
Large airy kennels, gardens for hiding bones,
A river chattering over stones-
and wide green fields for those that never know.
A smokey Town an old worn rug or two
before a fire where sparks do not fly out -
Sparks are such nasty things to have about!
I like to think there is and so I pray-
My darling was so lovely and so wise -
Those beautiful thrusting Brown eyes.
She would come to me, rest her lovely
Soft chin upon my knee.
You Knew her as we tramped across the fields
where now she rests, beyond the woods and still -
we meet on that moonlit hill.
O dear Lord, Keep her save, wherever she may be
and let her, always have a thouhgt for me
that I may hear, as I sit in the dark,
your soothing voice - and then her friendly bark.

X God bless you X




SPOEL SANITASIE

Deesdae moet grafies ssamgedra word, maar 'n mens wonder hoeveel gaatjies gegrawe word!

In Derdewêreldlande, met oorbevolking, veroorsaak gebrek aan geriewe 'n groot probleem. Op die Solomons-eilande word die sakie glo deur 'n bose towenaar - VELA - opgelos. As jy daar op land bossies toe gaan, is dit gevaarlik, want VELA kan 'n stukkie neem en jou toor. Maar die see het 'n goeie gees en as jy jou nood in die see verlig, kan die VELAS dit nie aanraak nie.

- Kitty Williams



May it be a

Merry
Christmas
And a Joyfull
2003

Kersgroete en

Beste Wense
Vir die Nuwe
Jaar



Baie dankie aan Gys en Elsie vir die Reëlings van duie Jaareindfunksie Ons glo almal het lekker geeët en gekuier.